

Kulturele Prestasies

Erekleure word toegeken mits 'n volgehoue bydrae ook aan La Rochelle-kultuuraktiwiteite gelewer word.

A. KULTUUR

Volkleure word toegeken aan 'n leerder wat enige kultuuraktiwiteit (soos Debat/Redenaars/Debating, Drama, Ballet, Dans, Musiek, Kuns) 'n wenner van 'n kompetisie (1ste, 2de, 3de plek) op provinsiale- of nasionale vlak was, of wat gekies is as lid van 'n nasionale span, afhangende van die kompetisievlak en aantal deelnemers.

Vir volkleure moet leerders eers halfkleure in 'n kultuuraktiwiteit verwerf, voordat hulle kwalifiseer vir volkleure op kultuurgebied.

Halfkleure word toegeken aan 'n leerder wat as finalis deelneem aan 'n streeks- of nasionale kompetisie waarvoor sy gekies is. Toekennings afhangend van seleksieproses in kompetisie.

Leerders wat alreeds halfkleure verwerf het, kan die daaropvolgende jaar vir volkleure binne skoolverband in aanmerking kom, mits hulle in drie verskillende kultuuraktiwiteite voldoende presteer en reeds drie verskillende halfkleure-toekennings verwerf het (Debat/Redenaars/Debating, Instrumentale musiek, Kuns, Koor/Con Spirito, Dans, Ballet, Sang, Orkes, Eisteddfod-bekerwenner, Opvoerings, Kompetisies, Letterkundige bydraes). Volkleure kan aan 'n leerder toegeken word as sy drie verskillende halfkleure-toekennings reeds verwerf het.

B. MUSIEK

Halfkleure word toegeken vir:

- Deelname as finalis aan 'n streeks- of nasionale kompetisie.
- Slaag van 'n EKSTERNE (TCL/ABRSM/UNISA) Praktiese eksamen met relevante prestasies in 'n Teorie-eksamen in die volgende grade:
Graad 5 = 80% met slaag van Graad 4 Teorie-eksamen (UNISA/ABRSM);
Graad 6 en 7 = 75% en Graad 8 = 70% met slaag van Graad 5 Teorie-eksamen (UNISA/ABRSM).

Volkleure word toegeken vir:

- 'n 1ste, 2de of 3de plek-wenner van 'n streeks- of nasionale kompetisie.
- Slaag van 'n EKSTERNE (TCL/ABRSM/UNISA) Praktiese eksamen met relevante prestasies in 'n Teorie-eksamen in die volgende grade:
Graad 5 = 85% met 80% behaal in Graad 4 Teorie-eksamen (UNISA/ABRSM);
Graad 6 en 7 = 80% met 75% behaal in Graad 5 Teorie-eksamen (UNISA/ABRSM);
Graad 8 = 75% met slaag van Graad 6 Teorie-eksamen (UNISA/ABRSM).

C. KOOR/CON SPIRITO

Kleure/'n balkie word toegeken aan lede wat kwalifiseer volgens onderstaande kriteria.

Mits die koor/Con Spirito as geheel presteer volgens die volgende kriteria:

- Behaal 90% in 'n nasionale kompetisie.
- Behaal 80% in 'n internasionale kompetisie.

En op individuele vlak aan die volgende kriteria voldoen word:

- 'n Voldoende bywoningsrekord het waar nie meer as een optrede gemis is, vergesel van geldige, skriftelike verskonings wat deur die koördireksie goedgekeur is.

'n Balkie word toegeken aan lede wat bostaande prestasies een maal in hul koorloopbaan behaal.

Halfkleure word toegeken aan lede wat bostaande prestasies twee maal in hul koorloopbaan behaal.

Volkleure word toegeken aan lede wat bostaande prestasies drie maal in hul koorloopbaan behaal.

D. **BALLET**

***Cecchetti* (Classical Ballet)**

Volkleure word toegeken aan 'n leerder wat 85% in een van die volgende eksamens behaal: *Intermediate Foundation*, *Intermediate* (= Graad 6 in Musiek) en *Advanced*.

Halfkleure word toegeken aan 'n leerder wat 70% in een van bogenoemde eksamens behaal.

SABOD

Volkleure word toegeken aan 'n leerder wat die persentasies in dié eksamens behaal: 80% in Graad 9 & 10, 70% in Graad 11 of 65% in Graad 12.

Halfkleure word toegeken aan 'n leerder wat die 85% in Graad 7, 75% in Graad 8 of 70% in die *Intermediate* eksamens behaal.

Royal Academy of Dance

Erkenning word aan 'n leerder gegee wat die volgende persentasies in onderstaande eksamens behaal:

Volkleure:	Graad 8: Slaag 75% en meer; Intermediate: Slaag 75% - 100%.
Halfkleure:	Graad 7: Slaag 75% en meer; Intermediate Foundation: Slaag 75% – 100%; Intermediate: Slaag 55% – 74%.
Wimpel:	Intermediate Foundation: Slaag 55% – 74%; Intermediate: Slaag 40% – 54%.
Sertifikaat:	Graad 6: Slaag 75% en meer; Intermediate Foundation: Slaag 40% – 54%.

E. **MODERNE DANS (SADTA)**

Eksamenprestasies word aan die komitee voorgelê vir evaluering van erekleure.

F. **OLIMPIADES/NASIONALE EKSAMENS**

Halfkleure word toegeken aan leerders wat op 'n nasionale merietelys verskyn.

Volkleure word toegeken aan leerders wat 'n eerste, tweede of derde plek behaal op nasionale vlak.

G. REDENAARS/DEBAT/DEBATING

Deelname aan en plasing in nasionale kompetisies word voorgelê en gemotiveer vir toekenning van halfkleure.

Plasing in eerste 3 posisies in nasionale/internasionale kompetisies word voorgelê vir evaluering vir die toekenning van volkleure.

H. KUNS

Kompetisies gewen op provinsiale en/of nasionale vlak. Deelname aan en plasing in Internasionale kompetisies word voorgelê en gemotiveer vir die toekenning van erekleure.

I. DRAMA

Leerders moet op 3 verskillende gebiede presteer. Onderstaande deelnames moet die goedkeuring van die skool wegdra.

Halfkleure word toegeken vir:

- Cum Laude-toekenning (90%) of hoogste punte in afdeling by Eisteddfods.
- Deelname aan semi-finale rondte van kompetisies
- Optrede in enige TV-reeks, program, fees, film of eie produksie soos kabaret, ens.
- Om in aanmerking te kom vir enige ander prestasie, moet die toekenning gemotiveer word.

Volkleure word toegeken vir:

- Bekerwenner in afdeling by Eisteddfods.
- Deelname aan finale rondte en/of wenner van kompetisies.
- In hoofrol optree in enige TV-reeks, program, fees, film of eie produksie soos kabaret, ens.
- Om in aanmerking te kom vir enige ander prestasie, moet die toekenning gemotiveer word.

J. LANDSDIENS

Halfkleure word toegeken aan 'n leerder wat Wes-Kaap verteenwoordig by die Nasionale Landsdienskamp.

Volkleure word toegeken aan 'n leerder wat Springbokkleure verwerf.